

**Die Skriflesing:** Efesiërs 2: 1- 10Teks: **Efesiërs 2:8****Sing: VOORAF SANG: Sb. 12-3: 1,3 (Beryming NGB Artikel 1)****TYDENS EREDIENS: Ps. 71:1,10,11; Ps. 73:1,12; Sb. 7-1 (31): 1,3; Sb. 2-4 (33): 1,3****Efesiërs 2: 1- 10****Eph 2:1** Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes**Eph 2:2** wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.**Eph 2:3** So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word.**Eph 2:4** Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.**Eph 2:5** Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!**Eph 2:6** Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee,**Eph 2:7** sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.**Eph 2:8** Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.**Eph 2:9** Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.**Eph 2:10** Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.**Skriflesing:** Efesiërs 2: 1- 10Teks: **Efesiërs 2:8****Sing: VOORAF SANG: Sb. 12-3: 1,3 (Beryming NGB Artikel 1)****TYDENS EREDIENS: Ps. 71:1,10,11; Ps. 73:1,12; Sb. 7-1 (31): 1,3; Sb. 2-4 (33): 1,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die dinge wat God doen, die dinge wat God laat gebeur, dit wat vir God belangrik is, kan en mag nooit geringgeskat word nie. In hfst. 1 was dit duidelik God het sy kinders gekies, Hy is die Een wat die verlossing bewerk het, Hy het ons met sy Heilige Gees as sy eiendom beseël. Om beseël te wees het ons ook gesien is om deur God gemerk te wees. Gekies, gered, gemerk is hoe ons Efesiërs begin het. Ons hou daaraan vas dat Efesiërs se begin is vanaf vers 3 tot 14 met een lang loflied besig wat ons die seëninge wat God ons skenk aanmekaar bind. Die een op die ander. Alles begin by die uitverkiesing- Vers 3- 5 bly in hierdie besondere loflied van deurslaggewende betekenis as ons daar lees ... *3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. 4 So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. 5 In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.* Dit wat God doen, is ewig en laat Paulus aan die einde van hoofstuk 1 op sy knieë neersak.

Die lang lied word vanaf vers 15 'n ingrypende gebed waarmee ons verlede Sondag (met die belydenisaflegging) mee besig was. In die gebed gaan dit veral vir Paulus dat die Here ons geestesoë moet verhelder. Die Here moet ons wysheid skenk, of ons kan dit ook noem 'n gebed om kennis wat ons vir die Here vra gee ons kennis omtrent ons roeping. Gee ons kennis omtrent ons erfenis. Gee ons kennis omtrent U krag. Mag ons wil weet die hoop wat daar in ons roeping is, die rykdom in ons erfenis maar mag ons ook God se geweldige groot krag wil ken. Mag ons nooit die krag onderskat waarmee God in hierdie wêreld aan die werk is nie, die krag waarmee Christus uit die dood opgewek is en wat Christus aan die regterhand van God plaas.

Christus is hoog verhewe, bo alle bose magte, ja Christus is bo enige ander vorm van gesag wat daar sprake mag wees. Dan eindig hoofstuk 1 op 'n baie besondere hoogtepunt hoe hoog Christus waarlik verhewe is. Vers 22 het in die Grieks 'n ander vertaalmoontlikheid as ons dit ook kan vertaal dat *God het alles onder Christus se voete onderwerp en Hom as Hoof bo alles aan die kerk gee*. Ons sien hierin dat Christus nie net as Hoof oor die Kerk aangestel is nie, maar hier kom nog 'n diepere dimensie na vore. Christus is ook aan die Kerk as gawe gegee. Dink u dit in, ons het Christus as Gawe ontvang, Hy is aan ons geskenk. Dit wat ons nie kon verdien nie, dit wat ons hoegenaamd nie kon voor werk nie. Ja, net so belangrik, ons sou Hom nie kon kies as dit nie was dat Hy ons gekies het nie. Weereens die uitverkiesing waar God Hom verkies het om Hoof van sy Kerk te wees en dan eindig hoofstuk 1 ... *die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul*.

\*\*\*

Nou tref dit ons vanoggend, ons het oor God en sy groot werke saam met Paulus kon sing die lied wat so omvattend, so ryk is, ons het oor God se wonderbaarlike seëninge kon sing, saam met Paulus kon bid, 'n gebed om wysheid wat baie wyd strek, dit strek diep, dit strek hoog, dit strek ver, ons kon al hierdie dinge doen, maar die dringende vraag in hoofstuk 2 is wie is ons wat dit kon doen as ons nou vanoggend na onself moet kyk. Is ons so goed, so oulik, mag ons so bewus wees van wat ons doen, as ons voor God moet kom staan. Paulus het deur die Gees van God vir jou en my vanoggend die presiese antwoord. Nie 'n lekker antwoord nie, 'n antwoord wat alles behalwe vleierend op die oor gaan wees, want in der waarheid is ons uit onself mense van die dood. In die meer letterlike Grieks staan hier dat *julle was dood as gevolg van julle*

*oortredinge en sondes waarin julle voorheen gelewe het volgens die bedeling van hierdie wêreld, volgens die leier van die mag van die lug, van die gees wat nou aan die werk is in die kinders van die ongehoorsaamheid ... Die 1983-vertaling stel dit ook sterk en swaar - 1 Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes 2 wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.*

*3 So het ons trouens vroeër ook almal gelewe...*

Ons kan onself by hierdie uitspraak nie uitsluit nie. Niemand kan verskoon word nie. Vers 3 het verder ingrypende betekenis as die Grieks hier meer letterlik gevolg word. As ons lees ons het almal vroeër so gelewe, dan is daar die meer letterlike vertaalmoontlikheid wat dit stel dat waar ons almal ongehoorsaam was kom ook die gedagte van *ons wie almal so verkeer het as gevolg van die begeertes van ons liggaam toe ons die wil van ons liggaam en gedagtes gedoen het en ons was van nature kinders van die toorn net soos die res*. Die gedagte van ons het so verkeer (die Griekse *anastrefein*) dan wys dit hoe ons in die sonde kon vertoef, hoe ons daarin kan talm, dit is asof ons verkies, ja as ons eie verkiesing (ons eie uitverkiesing) die botoon sou moes voer dan sou ons verkies om in die sonde te wil woon. Uit onself wil ons daarin bly.

Ons wese was vrot dit maak ons lewens vrot. Ons deel in hierdie vrotheid, ja so verkeer ons daarin as God nie in ons werk nie. Dis woorde wat vir my die werklikheid van ons land en dae so duidelik opsom, dat waar God nie reg gedien word nie, mense dien God nie soos God gedien wil wees nie, kyk dan maar net na die werklikheid om jou en my vandag ... die mens wil God dien soos die mens wil, dan word daar al dieper in 'n sondige moeras weggesak. Hierdie vlei hier naby ons wat so stink, dit lyk, dit voel, dit ruik dat dit word by die dae erger en slegter, dit spreek in baie opsigte tot mense se lewens. Paulus stel dit dat ons van nature kinders van die toorn was, die 1983-vertaling sien dit in ons *sondige natuur* wat maak dat ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word, is hoe dit in 1983-vertaling staan. Die 2020-Direkte vertaling sê dat die begeertes van ons sondige aard en van ons gedagtes uitgeleef word. Ook ons, soos al die ander was toe van nature kinders van die toorn.

Geliefdes sonder om nog meer en meer daarop te moet uitbrei sien ons duidelik hoe dodelik die sonde is en hoe ons uit onself dood in die sonde sou gebly het. Sonder die Here is jy dood. Jy lewe dan onder die mag van die duiwel. Jy dink dalk jy is vry maar jy is eintlik 'n slaaf van jou eie sondige begeertes. Jy loop dan net heelyd agter jou begeertes aan en so 'n mens verdien God se straf. Al is dit dinge wat nie lekker is om te hoor nie, want mense wil van nature uit hulleself voorgee ons is darem nie so sleg nie. Ons het vir ons redding dalk bietjie hulp nodig maar vêder glo so baie mense ek kan regkom. Ek kan uit myself darem ook die goeie kies, gee my net nog weer 'n kans, gee my net nog bietjie tyd. Oor ons land word daar geglo dis dalk nou bietjie siek, want die mense is siekerig, maar sal hulle dadelik wil byvoeg ons is ver van die dood af.

Ek sien daar is in die media die laaste tyd hewige debatte of ons reeds 'n mislukte staat is en of is ons wel tot ons wese in 'n siek staat, maar darem nog nie 'n mislukking nie. Ek dink as dit van ons sou afhang moet ons nie skaam wees vir die woord "mislukking" nie. Paulus gebruik elders in God se Woord oor homself die verskriklike woord – *misgeboorte* ... As hy skryf oor Christus se verskyninge na sy opstanding dan staan in 1 Kor. 15 vers 8 in die 2020 Direkte Vertaling – *As die laaste van almal het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn*. Die Griekse woord **ἔκτρωμα** dra inderdaad iets van die betekenis van as dit van homself sou afhang moes hy eerder 'n geaborteerde gewees het. Ander vertalings verkies om te praat van die ontydig geborene ... Dis hoe Paulus die werklikheid oor homself sien, wie is ons om dit anders as hy te wil vertolk.

Paulus werk soos Christus. Paulus is met Christus een as ons hier in Efesiërs lees, dis nie maar 'n siekerige toestand waarin die mens sonder Christus in verkeer nie, maar dis 'n dodelike toestand. Vers 1 staan – *julle was dood* ... vers 3 verwys selfs ook na gelowiges as daar vir hulle gesê word – *so het ons trouens vroeër ook almal gelewe* ... Ons kan hierdie eerste gedagte van ons doodsheid in die sonde afsluit met die feit dan wil jy soos die wêreld lewe. Jy soek in alles net jou eie voordeel en jy kyk hoe ek dinge vir myself net die lekkerste kan maak. Jy dink dalk jy is vry maar jy leef onder die heerskappy van Satan. Jy dink dalk jy maak jou eie keuses maar eintlik word jy regeer deur jou eie grille en drifte en drange. Inderwaarheid 'n ellendige toestand, 'n ellendige staat, ja inderwaarheid 'n mislukte staat waarin ons verkeer as dit van ons moet afhang. As ons vandag dink ons as mense het uit onself die vermoë om die land 'n beter plek te

maak of dat as daar werklik net begin word om die land demokraties te regeer en die korrupsie moet tog net stop, dan sal dit beter gaan.

Paulus het vir ons ander nuus. Die werklikheid is, ons land wys vir ons die waarheid van Efesiërs 2 vers 1 tot 3. Genadiglik kan ons verder lees as net die eerste 3 verse ... Die ander groot werklikheid is Wie God is en wat God doen. Vanaf vers 4 gebeur daar iets geweldig groot. Dit staan in twee woorde opgesom MAAR GOD .... Dink u net hierdie twee woorde in MAAR GOD ... Iemand stel dat dit moet seker die mooiste twee woorde in die Bybel wees. Een kant hoe die mens lyk, ook ons as mense vandag, hoe ons land lyk, ja dis swaar, tog mag ons kom by die MAAR GOD ... God kom en Hy skep uit die geestelike dood nie alleen vir Hom 'n Kerk nie, maar God skep in Christus die Kerk om nuut te lewe. Hoofstuk 1 het mos geëindig met die Kerk, hoe die Kerk is, dit het Christus as Hoof, die Kerk is Christus se liggaam maar as ons hoofstuk 2 nou mooi lees dan ontvang die Kerk die besondere geleentheid om nuut te lewe.

Dis aangrypend hoe dit vir die kerk moontlik geword het en wat hierdie voortdurende skeppingswerk van God nou nog vir jou en my moet beteken. Dit alles begin weereens by Hom wat ons Hoof is, Jesus Christus. In vandag se gedeelte, veral verse 4 en ook verse 6-7 wys daarop dat God ons saam met Christus lewend gemaak het. In die leë graf lê ons volle lewe. Soos ons in Romeine ook kan lees, om met Hom gedoop te mag word in sy dood, wat beteken ons staan met Hom op. Daar hoef nie alleen van 'n ander lewe sprake te wees nie, maar op aarde moet ons nou al wil kom om te wil praat van 'n nuwe lewe. Maar dit is alleen net in Christus moontlik. As jy Hom nie as jou Hoof beskou nie, dan is die dood en doodsheid van Efesiërs 2 vers 1-3 oor so 'n mens net so 'n groot werklikheid soos wat dit hier staan.

Ons wat mag kom nie alleen by 'n ander lewe nie, maar 'n nuwe lewe, u geskenk word net groter en groter. Ons lees in verse 4-7 van God wat aan ons plek in die hemel gee. Ai hoe sukkel die mense vandag om van 'n hemelse belofte, hemelse geluk, hemelse vreugde te praat, asof die hemele in die eerste instansie 'n lokale of geografiese plek moet wees. Die hemele is groter as net 'n plek. Dalk kan ons sê die plek is meer as net 'n plek. Dit is nie ook maar net 'n plek in jou kop soos wat daar 'n gemors-program Sondag-aande op RSG is, dit wat hulle noem *Uit 'n ander hoek* ... rondom 7h00) wat voorgee dat die Bybel nie die Woord van God is nie en die

Christus van God se kruis en dood en lewe en opstanding is uitgediende begrippe en kan ons nie meer help nie. Dis vir my swaar dat in sulke ellendige tye daar ook al meer ellendige mense is wat platvorms gegee word om van die grootste dwalings en ketterye ongevraag en blatant uit te saai en met belastingbetalers geld befonds word. Indirek moet ons help betaal om ketterye te moet hoor. Aan die ander kant waarsku die Bybel ons baie duidelik dat sulke strominge is tekens van die tye waar die baie antichriste en groot afval al hoe erger sal word wat nog weer sal kulmineer in die finale Antichris wat ook genoem word die mens van die sonde, die wettelose en nog baie ander getalle en dinge wat met die afval gepaard sal gaan. Christus se Profetiese Rede laat ons ook nie in die duister nie.

\*\*\*

Ons as kerk, ja die kerk is 'n skepping van God waardeur God ons in staat wil stel om nuut te lewe, laat ons werklik die nuwe lewe nuut wil leef. Ons mag in Christus oor ons eie dood die verlede tyd skryf as ons waarlik nou in Christus lewe. God maak jou inderdaad dan 'n nuwe skepping. God skeep in Christus dan juis die kerk, waarvan Christus die Hoof is om nuut te lewe. Daarom dat God in ons ook die nuwe lewe skeep en dit skenk om ons saam met Christus lewend te maak. Dit is net God wat dit kan doen maar watter troos om te mag weet Hy het dit reeds gedoen en Hy doen dit steeds. God se genade en liefde wat ons toestand sodanig verander dat ons wel goeie dade wil verrig. Ons doen dan nie net die goeie nie, maar ons wil die goeie leef. Die woorde in vers 10 is juis hierin van so besondere betekenis as ons lees: *God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*

In die Grieks kom hier iets hierin na vore dat ons in die goeie dade moet kan wandel. Wandel beteken tog om te loop. Dit vereis 'n bepaalde pad wat gestap moet word. Ons kan met God saamstap is ook waarop dit neerkom. Ons kan nooit deur ons goeie dade gered word nie, nooit nie, maar tog sal ons die goeie uit dankbaarheid wil doen. Hierin sê God Self dat Hy verbly Hom in wat ons goed doen. Dit wat dien tot verheerliking van sy Naam. Daarom besef ons ons word nie deur goeie dade gered nie, maar ook nie sonder goeie dade nie. Ons doen die goeie waarvoor God ons geskep het. So wil ons tot God se eer lewe. Ons kan vandag weer afsluit met hoe ryk ons belydenis, die Heidelbergse Kategismus dit vir ons saamvat: V/A 86 in Sondag 32 vra die vraag: **Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige**

**verdiens van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is? Ons kan antwoord - *Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry, en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.***

Ons lewens moet anders lyk as die lewe van hulle wat nie glo nie. Die Kategismus wil dat ons lewens so moet wees dat ons ook ander vir Christus kan wen. Duidelik lewe sulke mense nie net vir hulleself nie. Hulle sien in ons dit wat ons verlede keer al as besondere wysheid van God wou vra. Hulle sien die hoop van jou roeping, hulle verlang ook na die ryk erfenis wat God ons reeds geskenk het, God se krag is dan in ons lewens aan die werk. Mag hierdie goeie by u deur u lewe loop.

AMEN